

'n Nuwe Kategismus: Vraag 38

It is almost as presumptuous to think you can do nothing as to think you can do everything.
–Phillips Brooks

'n Nuwe Kategismus: Vraag 38

Vraag:

Wat is gebed?

Antwoord:

Gebed is om ons harte in lof, belydenis van sonde, smeking en danksegging voor God uit te stort. [Onderstreepte gedeelte is die antwoord vir kinders.]

Skrifgedeelte:

*Vertrou altyd op Hom, my volk, stort julle hart voor Hom uit!
God is vir ons 'n toevlug (Psalm 62:9).*

Kommentaar:

Die vyande van ons siel is diepgewortel, subtiel en magtig, en ons geestelike raamwerk veranderlik – daarom is dit noodsaaklik dat ons gedurig hieraan herinner moet word. Wat is meer raadsaam, wat is meer noodsaaklik vir jou as om omsigtig te loop; om waaksaam te wees en te bid anders sal jy in die versoeking val. Kennis van jou eie swakheid en onvoldoendenheid mag nie jou denke oorheers of jou optrede bepaal nie. Die bedorwenheid van jou natuur is 'n vyand wat altyd naby aan jou is, altyd in jou in hierdie wêreld is. Dit versterk elke versoeking van buite. Daarom moet jy jou hart met groot toewyding bewaar. Waak met toewyding oor al die neigings van jou hart. Maak seker van hulle oorsprong en waarheen hulle neig voordat jy iets daaromtrent doen ... Hierdie

oorweging moet verseker dat elke kind van God sy knie gereeld, nederig en met ywer in smeking buig, Jy moet as 't ware by die genadetroon leef. Jy moenie van die genadetroon weggaan voor die gevaar verby is nie. Hoe meer ons van die krag van ons vyande sien en van die gevaar waarin ons verkeer, hoe meer sal ons onself oefen is ernstige gebed – kan jy as Christen ongeërg en onverskillig wees as die wêreld, die begeertes en die duiwel jou onversetlike vyande is wat nie moeg word nie?

Hierdie kommentaar is deur Abraham Booth (1734 – 1806) geskryf. Hy was 'n Engelse Baptiste leraar wat as pastor van Prescott Street Church in Whitechapel, Londen, vir 35 jaar gedien het. Hy was ook die stigter van wat vandag as Regents Park College vir die opleiding van predikante in Oxford bekend staan. Sy bekendste werk was *The Reign of Grace* (waaruit hierdie aanhaling kom).

Uit: *The Reign of Grace* in "The Reign of Grace" in *Booth's Select Works* (London: Chidley, 1839), 187–188.

Verdere leesstof:

"Prayer" in *Concise Theology*, deur J. I. Packer.

Gebed:

Laat ons daagliks bid: "Here, vergroot my geloof." Laat ons dan nie twyfel dat as God 'n ding sê, daardie ding vervul sal word nie.

Hierdie gebed is deur John Charles Ryle (1816 – 1900) geskryf. Hy was die eerste Anglikaanse biskop van Liverpool, Sy aanstelling as biskop was op aanbeveling van die eerste minister, Benjamin Disraeli. Hy was 'n skrywer en leraar, maar ook 'n atleet wat vir Oxford Universiteit geroei en krieket gespeel het. Hy was ook verantwoordelik vir die bou van veertig kerke.

Hierdie gebed kom uit *Luke* by J. C. Ryle, reeks redakteur Alister E. McGrath (Wheaton: Crossway, 1997), 24.

Copyright © 2012 by Redeemer Presbyterian Church

We encourage you to use and share this material freely—but please don't charge money for it, change the wording, or remove the copyright information. Ek het slegs die gedeeltes vertaal.